Ges. 10: 1, 3
" 60: 1, 2.
" 33: 5, 6.

**Dooie Kapitaal.**

Luk. 19: 11–28

LA/Kp 29 Jan. 1961.

Luk 19: 20 – En 'n ander een kom en sê: Meneer, hier is u pond wat ek in 'n doek weggesit het.

Verlede Sondag het ons in hd. gelykenis behandel die manne wat ~~die~~ kapitaal wat hulle ontvang het, – omskep ~~het~~ in werkende kapitaal, en het ons daarop gewys dat in hd. bepaalde gelykenis van Lukas die ponde eintlik is alles wat ons in genade ontvang het uit d. hand v. Ktus deur die verlossing wat Hy ons bied en skenk. Dié pond is:

① my kennis van Ktus se genade vir my
② my kennis van Ktus se genade vir my m/mens – hoe sien Hy my, en hoe sien Hy hulle!

Ons het gesien hoe sekere van hd. knegte met hulle pond handel gedryf het – en wat hulle as loon ontvang het. Ons is aangegryp deur hulle ywer & hardnekkendheid en toewyding – en beskaam deur ons eie besielingloosheid!

En nou vtm: die een kneg wat so totaal anders reageer. Hoe moet ons hom verstaan? Mag ons hom veroordeel? U weet, ek kan nie help nie, Mr. so met die eerste & tweede dienskneg van hd. gelykenis voel dit vir my: dié man word verkeerd beoordeel, hy word misverstaan. Hy is soos dié ~~...~~ kind in die huis wat nie reg verstaan word deur sy ouers nie omdat hy nie baie praat nie – hy ly liewer in stilte.

Maar dan lees 'n mens die verhaal 'n derde en vierde keer en dan begin jy dinge raaksien wat vroeër duister was. Waar lê sy fout? Begin ontdek,

I Die Jent in sy ~~Denke~~ Daad: ~~Hy tree sonaks op, — en ons ontstaan nie sy dade van ons nie/eus, deurdring en bra: wat presies het hy gedoen of die gedaen wat verkeerd was?~~ Sy optrede: Sit stil, loop weg, en delf dawyn uit!!!

As ons noukeurig lees en goed nadenk dan sien ons dat in sy optrede daar 2 baie ernstige kentekens was wat sy karakter openbaar:

① Ons het hier te doen met 'n man wat alles vanaf 'n distansie wil bekyk. Hy oordeel die hele gang v.d. lewe en redeneer ongeveer soos volg: God wil hê ek moet glo, ek moet liefhê, ek moet oorwin, ek moet offer v.diens. Dit klink alles goed en wel: maar wat gee, wat voorsien God aan my sodat ek kan glo, oorwin, liefhê, offer? As Hy al die dinge nie kan gee nie, dan kan ek mos nie die rente op dd. kapitaal verdien v. lewer nie?

Of hy sê: kyk, God behoort tevrede te wees as ek nie kwaad doen, as ek my pond nie gaan uitdeel, of uitdobbel nie — dis al 'n gewel-dige groot ding: 'n onbetwisbare bewys van ~~God~~ my liefde ~~tot~~ God, my bereidwilligheid om minstens my plig teenoor God na te kom! Werklik: God behoort tevrede baie te wees met my sie-ning v my houding!

② Ons het hier 'n man wat sy heer se koning-skap wettlik erken, maar sedelik verwerp: Hy sê (vs. 20): „Hier is u pond" Hy erken dis sy heer se pond — en dan het hy die onont-likheid om dit te bewaar — te berê, al is dit in 'n toegeknoopte sakdoek. Maar hy gebruik dit nie, durf nie handel daarmee nie — dit bly dooie kapitaal. Dis sy fout!

Hoe is dd. soort man in die huishouding v.d. Kerk vandag? Kan ek u sê?

— Dis die man wat sê: My lidmaatskap in die Kerk is vir my 'n mooi tradisie, 'n gerespekteerde gebruik uit ons Boerageskiedenis. Ek handhaaf dit uit eerbied t.o.v. my ouers of my volk — of omdat die maatskappy my dan nie sal aanvaar as ek r hulle nie — maar ek kan nie met 'n eerlike gemoed die vrae tot tevrede antwoord nie!

— Dis die man wat sê: (miskien nie hardop nie. tog in sy hart) Glo nie meer in die doop of d. Nagmaal nie — dis ouderwetse gebruike wat nie meer in ons moderne denke pas nie. My. terwille van die lastige gevolge vir my kinders as hulle nie gedoop is nie gaan ek oldoen!

— Dis die man wat sê: Kerk as trad. instelling is nodig, bruikbaar: dit doen goeie werk, beoefen barmhartigheid — dit moet net nie op d. terrein van my persoonlike oortuigings of regte kom nie! Dan is daar moeilikheid!

Sien u: dis d. man wat Xtus formeel, uit-terlik, tradisioneel aanvaar, ~~ander werk: sy sit stil, loop weg (kragte)~~ maar nie in hart!

II Die Jent in sy Denke: Waarom so opgetree?

Hy gee self die antwoord: Omdat hy 'n totaal verwronge en skewe opvatting gehad het van sy heer (vs. 21b): Maak om dit reguit te sê: Geen verskoning

a) Sien hom as 'n strawwe man (wat nie waar is as 'n onthou hoe hy optree t.o.v. hom v d. ander nie)

b) Sien hom as 'n onregverdige man:

Dit alles lei tot 'n verkeerde handeling: bang. Nou kan ek nie mooi uitmaak: bedoel hy dit werklik of huigel hy? As hy dit sê? As hy dit opreg bedoel dat hy bang was – waarom dan nie die pond gaan bank – dan het dit tog rente getrek! En sou d. heer afneem teende geneem het!

→ Die groot moontlikheid van duisende mense: hulle diens van God is dood, hulle uitvoering v. 'n koue, sielose plig omdat hulle God sien as 'n harde, genadelose, onsagv. meester! As u siening v God verkeerd is, is u diening van Hom ook verkeerd!

III Die Vermaning v. hd. Daad en Denke: v. 24: Neem weg! Uit jou eie mond geoordeel: As jy My werklik onsydig geneem het, sou jy My pond meegegaan het of afneem gemaak het. Jy kan nie altwee doen nie: of jy moet jou self lewe v oortuiginge op d. ashoop gooi – of jy moet toelaat dat God d. Here is van heel jou lewe v denke! Kan nie ander pad loop nie: geen derde keuse moontlik nie!

Kerk waarin 10%, 20%, 30% v sy lidmate so redeneer, so dink, so optree: word 'n Trojaanse perd, sabotasie van binne, gee 'n tweeslagtige getuienis!

→ Waar staan ek? In watter groep bevind ek my?